VERLOËNINGSGEBEDE:

KuberSeks

Efesieers 6:10-11, 18 "10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. 11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 18 Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges ..."

Voorwoord

Hierdie gebede is opgestel soos sekere aspekte vir ons persoonlik duidelik geword het in die Woord van GOD en uit ondervinding wat ons opgedoen het in die beradingskamer.

Ons wil geensins hiermee diskrimineer teen enige persone, organisasies en/ of politieke partye nie en ons vra ook dat U hierdie boek uit hierdie hoek sal benader.

Wat beteken dit om iets te verloën?

Dit beteken om persoonlike verantwoordelikheid te neem oor iets uit jou verlede en om self hierdie saak aan te spreek en te verwerp. Jy sal nodig hê om die wortel van die saak te gaan navors en dit by sy oorsprong te gaan vernietig en af te sny. Jy weier om enige verdere erkenning daaraan te gee. Deur die oorwinning wat Y'shua[1] (Jesus) aan die kruis behaal het, kan ek in Sy Naam en deur die Krag van Sy Bloed weier dat enige vloek verdere effek op my lewe het. Die vloek word deur Y'shua (Jesus) se Bloed letterlik gekanselleer**.**

Sy Woord sê:

Spreuke 28:13 *"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."*

Ons het gesien hoedat mense bevry word van afgodery en demoniese verbonde waarvan hulle selfs onbewus was, nadat hulle dit bely het en om vergifnis gevra het en weggedraai het daarvan. Ons ervaar hierdie afgodery en demoniese verbonde as 'n aanval teen die Liggaam van Christus.

---

[1] *Y'shua* (Hebreeus) is Jesus se regte naam wat beteken "REDDING"- wat beteken: bevryding, redding, veiligheid, welsyn. Ons het geen probleem met die naam "Jesus" nie - dit is bloot die Griekse transliterasie van "Y'shua". Jesus is die naam waarmee die meeste van ons groot geword het. Onthou tog dat Y'shua was 'n Jood van die Stam van Judah, nie 'n Griek nie. Dit gaan min of meer so ... wanneer jy iemand se regte naam ken dan wil jy dit gebruik, daarom gebruik ons *Y'shua* in plaas van Jesus. Nog 'n baie sterk rede om *Y'shua* te gebruik is dat elke keer wat jy Sy Naam sê, proklameer jy die woord "REDDING". Jy sal ook oplet dat in sekere plekke gebruik ons die regte Naam van die VADER, YHVH. Die Naam word opgemaak deur die Hebreeuse letters, **Y**od-**H**ey-**V**av-**H**ey, en word algemeen uitgespreek as "Yahweh" of "Jehovah". Ons herhaal deur te sê ons het gekies om hierdie Naam te gebruik omdat YHVH is die VADER se regte Naam.

2 Kor.4:2 *"Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die Woord van GOD nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor GOD aan."*

Y'shua (Jesus) roep ons om aktief te soek na vryheid en heling — ten spyte van ons gebrokenheid.

GOD se WOORD belowe ons:

Jes: 54:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here."*

Riglyne om die afseelgebede te gebruik ...

Jakobus lig dit vir ons uit dat daar twee stappe is om van binding bevry te word:

Jak 4:7 *"Onderwerp julle dan aan GOD; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."*

Hierdie twee stappe behels:

1. Belydenis van jou betrokkenheid (al was dit onaktief).

Dit is verkieslik dat daar twee getuies, waarvan die een 'n opgeleide berader moet wees, teenwoordig is wanneer hierdie gebede gedoen word. Die getuies staan saam en getuig saam met die persoon wat bevryding wil ontvang. Hierdie gebede is ook proklamasies en ons wil jou aanmoedig om dit openlik en in geloof te doen, onder die beskerming van die Bloed van Y'shua (Jesus).

Jak: 5:16 *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Jy het nou net die eerste gedeelte van die gebede gehanteer. Die volgende is van kardinale belang en dit is waarom dit so belangrik is dat 'n opgeleide berader teenwoordig is.

2. Oorlogvoering ... staan op teen die vyand.

Soos wat die Heilige Gees dan tydens die gebede sekere waarhede uitlig, tree die berader nou saam met die betrokke persoon op en begin met geestelike oorlogvoering — vandaar ons gevoel dat dit belangrik is dat daar 'n opgeleide berader betrokke moet wees.

Met die skryf van die gebede het ons sekere belangrike woorde uitgelig, soos die betrokkenheid van die magte van die duisternis — dit is baie belangrik dat dit spesifiek gehanteer moet word.

Hierdie magte word tereggewys, uit die bloedlyn verwyder en na die Voete van Y'shua (Jesus) gestuur. Onhou om die persoon los te sny van mensgemaakte wette en van instellings en betrokke organisasies.

Onthou, hierdie gebede is slegs riglyne. As daar konsepte of afdelings is wat die Heilige Gees vir jou uitlig wanneer jy bid, wil ons jou aanmoedig om die Heilige Gees te vra om jou te lei vir die deurbraak.

Onthou **HY** is ons Volmaakte Leermeester en Berader.

Ps: 110:1 *"Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my Regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n Voetbank vir U Voete."*

Hebr: 1:13 *"En aan watter van die engele het Hy ooit gese: Sit aan My Regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n Voetbank van U Voete?"*

Hebr.10:13 *"Maar Hy…wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n Voetbank van Sy Voete."*

3. Restourasie met die Koninkryk van GOD.

Ten slotte en uiters belangrik moet die persoon aangemoedig word om hom/ haar aan die Wet van die Messias te verbind en daaraan gehoorsaam te lewe.

Galásiërs 3:10 *"Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."*

Ons sluit af deur U te seën met GOD se Woorde:

Mag Hy jou SKILD, jou LIG, jou VREDE (shalom) wees. Mag Hy jou in alles oorwinning gee, en mag jy sy weë ken en SH'MA[2] (luister en doen)!

Sy seën oor jou toegebid!

[2] Vir verdere studie raadpleeg die artikel ***"Sh'ma — A Heraic Concept That Everyone Can Embrace"*** deur Willieam G Bullock, sr. Beskikbaar op die webwerf.

Verklaring[3] van **vertroue** in **GOD se Beskerming** …

Geen wapen teen ons gesmee sal stand hou nie en elke tong wat teen ons opstaan in oordeel, veroordeel ons. Dit is ons erfdeel as diensknegte van die Here en ons geregtigheid is van U, O Here van die Leërskare. Diegene wat teen ons gepraat of gebid het, of probeer het om ons skade of boosheid aan te doen, of wat ons verwerp het, vergewe ons, en ons seën hulle in die Naam van die Here

Matthew 5:43-45 *"43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. 44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; 45 Sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges."*

Romans 12:14 *"14 Seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;"*

Nou verklaar ons, o Here, dat U alleen ons GOD is, en dat daar buiten U, geen ander is nie — 'n regverdige GOD en Redder, die Vader, die Seun en die Gees — en ons aanbid U!

Ons onderwerp onsself opnuut aan U op hierdie dag in onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Nadat ons ons aan U onderwerp het, Here, doen ons soos U Woord voorskryf. Ons weerstaan die duiwel: al sy druk, aanvalle en misleidings, elke instrument of agent wat hy teen ons probeer gebruik. Ons onderwerp ons nie aan hom nie! Ons weerstaan hom, dryf hom van ons af weg en sluit hom uit van ons, in die Naam van Jesus. Spesifiek verwerp en weerstaan ons enige siekte, pyn, infeksie, inflammasie, kwaadaardighede, allergieë, virusse en enige vorm van toordery.

Laastens Here, dank ons U dat deur die offer van Jesus aan die kruis, ons nou nie meer onder die vloek is nie, maar ingegaan het onder die seën van Abraham, wie U seën in alle dinge — verhoging, gesondheid, voortplanting, voorspoed, oorwinning en GOD se guns.

Galatians 3:13-14 *"13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word — want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang — sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang."*

AMEN!

[3] Original English version written by Derek and Ruth Prince

Kuberseks en Pornografie

PETISIE VIR DIEGENE WAT VASGEVANG IS IN KUBERSEKS EN PORNOGRAFIE

AGTERGROND INLIGTING OOR ASMODEE-MAG

Diegene wat in die verlede met hom te doen gehad het, verwys na hierdie mag as Die Stink Een. Sy voorkoms is dié van 'n vet en stink "man" wat soos 'n demoon lyk. Sy gestalte is lank en hy beweeg baie ligvoets. Hy het ook vlerke soortgelyk aan dié van Beëlsebul. Asmodee is diep betrokke in seksuele immoraliteit en hy voltrek huwelike vir Satan. Hy is verantwoordelik vir die gees van Isebel in die Bybel en werk dikwels saam met Baäl. **1 Konings 16:30-33**: *"30En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al sy voorgangers. 31En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig, 32en vir Baäl 'n altaar opgerig in die huis van Baäl wat hy in Samaría gebou het. 33Ook het Agab die heilige boomstam gemaak, en Agab het nog meer gedoen om die HERE, die God van Israel, te terg as al die konings van Israel, sy voorgangers."*

In 1 Konings 18 kan gesien word hoe die profete van God aangeval was deur hierdie Mag. In beide hierdie gedeelte sowel as in Openbaring word baie gesê oor die Isebel-gees. Asmodee werk hoofsaaklik saam met die Prinsdom van Abaddon en doen aan hom verslag.

Indien een of meer van die volgende dinge in jou lewe teenwoordig is, kan dit 'n aanduiding wees van die werk van Asmodee:

1. Prostitusie
2. Seksuele perversiteit byvoorbeeld homoseksualiteit, lesbiese liefde, bestialiteit
3. Onvrugbaarheid (m.b.t. swangerskap)
4. Afsku vir jou lewensmaat en huwelikskonflik
5. Herhaaldelike egskeidings en 'n onvermoë om permanente verhoudings te hê waar daar 'n ware diepe samehorigheidsgevoel is tussen mekaar, soos byvoorbeeld in 'n huwelik.
6. Miskrame en kinders wat sterf.

Dink jy dat Asmodee aktief is in Hollywood? Net so is dit ongelukkig ook hard aan die werk in die Kerk vandag. Die primêre verantwoordelikheid van Asmodee is om die menslike ras te besmet deur immoraliteit. Om hierdie doel te verwesenlik, werk dit met ander Owerhede en Magte saam om seksuele immoraliteit, perversie, pornografie en prostitusie by mense aan te wakker en in stand te hou.

Hierdie mag verbind mense geestelik in die eg met Satan en het dan seks met hulle, soos wat Satan en ander Owerhede en Magte ook doen. Hierdie demoon is verantwoordelik vir die gees-eggenote(s) onder mense in Afrika. Baie van hierdie mense, van wie sommige ook Christene is, het dikwels ŉ eggenoot in die geesteswêreld.

Hierdie is ŉ vorm van besetenheid en moet deur middel van bevrydingsbediening hanteer word. Hierdie is ŉ alledaagse probleem in Afrika omdat die mense wat besete is, ook betrokke is met watergeeste wat saam met Asmodee werk. Die hoof van alle watergeeste, Marine, is half-vrou, half-vis. Dit is waar die beeld van die meermin vandaan kom. Nog ŉ heerser van die water, is Leviatan, dieselfde gees wat oorspronklik die rebellie begin het met Belial. Ons vind dit in **Job 41, Ps 74** en **Jes 27:1**.

In die Christen-huwelik, is Asmodee daarop uit om die morele waardes van een of beide huweliksmaats af te breek. Hierdie gees gebruik jaloesie as ŉ instrument om egbreuk binne die huwelik te bevorder. Huweliksberaders kan baie leer deur die taktiek van Asmodee te bestudeer. Hierdie gees werk op verskeie maniere om die heiligheid wat God vir die huwelik bedoel het, te vernietig. Dit is hierdie gees wat aan die werk is wanneer mans skielik ŉ "middeljare-krisis" beleef en sy vrou en familie los vir jonger vroue. Eers wanneer daardie verhoudings taan, vind hulle uit dat dit ŉ fout was, en ongelukkig is dit soms te laat. Dikwels sal sulke mans hul vroue aanmoedig om hulle te los, onder andere deur vir hulle te sê dat hulle baie beter daaraan toe sal wees met iemand anders.

Asmodee moedig homoseksualiteit aan; nog ŉ wyse waarop dit die instelling van die huwelik vernietig. Hierdie gees is deesdae fluks aan die werk en ons sien dit in ons samelewing wat aangemoedig word om glad nie meer te trou nie. Dit wil mense laat glo dat die huwelik oud-modies en verouderd is. Wie wil nou ŉ huwelik en al die meegaande probleme daarvan hê? Lewe vir nou, geniet jou lewe, geniet seks met soveel mense as wat jy wil, bly saam met enigiemand wat jy wil, veral as jy geskei is en nog klein kindertjies het wat dalk neuroties kan word en ongeliefd kan voel as gevolg van die egskeiding. Die koninkryk van duisternis werk altyd vooruit! Daarom doen dit alles in sy mag om die jeug oor die wêreld heen te vernietig op elke denkbare manier.

Mense wat in seksuele verhoudings is met geestelike eggenote, sal drome hê waarin hulle gemeenskap het of waar hulle geslagsdele sien. Dikwels beskryf hulle dat hulle in ’n droom seksueel gestimuleer word. In ernstige gevalle sal mense demone sien aankom na hulle toe in ’n menslike vorm, wat dan aandring op gemeenskap met hulle. Lede van die koninkryk van duisternis kan ook hierdie manier gebruik om miskrame te bewerkstellig, of velerlei ander probleme oor mense te bring.

Asmodee voorsien gawes van intelligensie, skoonheid en soms rykdom aan sy geestelike maats. Sodoende werf en verlei hy nog meer nuwe rekrute. Hierdie gees lok veral jong vroue, wat dan in kerke gebruik word om seksuele sondes tussen bedienaars van die Woord aan te moedig. Gebaseer op gevallestudies, weet ons dat vroue wat op hierdie wyse gebruik word vir baie lank sonder dat sy deur bevryding gaan, uiteindelik lesbies sal word. Sy sal ook vind dat sy nie in staat is om seksueel bevredig te word deur ’n man of ’n vrou nie (ons noem dit nimfomanie).

So ’n persoon se seksuele drang en gedrag is totaal buite beheer; dit word deur demone beheer en gebruik. Indien so ’n vrou nie bevryding ontvang nie, sal sy uiteindelik selfmoord pleeg. Dit is die finale beloning vir elkeen wat gewilliglik vir Satan en sy Owerhede dien in die koninkryk van duisternis.

Ek dink u sal nou besef dat Asmodee die Mag is wat die meeste verantwoordelik is vir gesinsverbrokkeling, soos ons dit vandag ken. Hierdie mag, sowel as Satan homself, weet dat ’n mens verlore is sonder die veiligheid en sekuriteit van die gesinseenheid. As gevolg van sy missie, sal hy verbete veg teen elke organisasie wat probeer om gesinne te help. Satan weet dat as hy kan verhoed dat mense gelukkig is in ’n familie, hy sodoende God se werk op aarde kan stop.

PETISIE

Hemelse Vader, ek kom na u toe in opregte gebrokenheid, en bely my aandeel in die oopmaak van deure na die sekskoninkryke van hierdie wêreld en Satan, asook die feit dat ek die Mag, Asmodee, toegelaat het om my wil, en dus ook my seksuele begeertes, te beheer. (Asmodee is nou betrokke in seksuele immoraliteit en is verantwoordelik vir die gees van Isebel en Lillith.) Ek vra dat u my sal vergewe, Vader, en my met U Heilige Vuur sal reinig van alle onreinheid.

Ek bely dat ek nie altyd my gedagtes beskerm het nie, dat ek gesondig het deur biddeloos te wees, asook deur laksheid en luiheid in my geestelike wandel met U. Ek vra vergifnis daarvoor dat ek nie die helm van verlossing oor my gedagtes gehad het nie, en sodoende myself toegelaat het om die Kerk en ander gelowiges te kritiseer.

Ek bely ook dat ek nie altyd die volle wapenrusting, soos in **Efesiërs 6** beskryf, dra nie. Vergewe my asseblief daarvoor. Heilige Gees, ek vra U vergifnis omdat ek nie altyd op u waarskuwings ag geslaan het nie. Ek het my hart verhard wanneer U my probeer oortuig het om nie te doen waarmee ek besig was nie. Vergewe my dat ek toegelaat het dat my gewete afgestomp raak, dat ek weggedraai het van die Waarheid af, en dat ek bedrieglike en verleidende leerstellings wat deur demone geïnspireer is, geglo het **(1 Tim 4:2:** *"...deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,…"***)**.

Help asseblief my gedagtes om weer sensitief te raak vir U en om weer aan U stem gehoorsaam te wees. Vader, ek vra dat U vir my HOOP sal gee terwyl ek hierdie belydenis doen.

Ek besef hoe U werklik hierdie sonde sien, en hoe ek U en die mense wat ek liefhet, bedroef het. Help my om uit die mag en kloue van die duiwel te ontsnap. **(2 Tim 2:25, 26:** *[25]Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, [26] en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."***)**

Ek roep U naam aan, Yahweh Jehoram – opgerig deur God – en ek bid in die Naam van Jesus dat U my sal herstel en my sal oprig en bevestig in U koninkryk. Here, ek kies nou om die Waarheid in my lewe te verwelkom. Ek kies om die Waarheid te volg sodat ek gered, gewas en geheilig kan word van die wettelose een/die gees van die Antichris. Bevry my van hierdie groot mag en bedrieglike wonders, van sy onbeperkte verleiding tot kwaad en van al sy bose misleiding.

Vader, verwyder hierdie misleidende invloed en krag uit my lewe. Die krag van hierdie dwaling en die sterk misleiding het my genoop om die valsheid te glo. Ek bely dat ek nie vasgehou en vertrou het in U Waarheid nie, maar behae geskep het in ongeregtigheid **(2 Thess 2: 9-12:** *"... hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen, [10]en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. [11]En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, [12]sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.***).**

Ek bely dat ek deure oopgemaak het na al die verskillende webtuistes. Die een het my gelei het na die volgende een en sodoende het ek toegelaat dat die stemme my roep in die gees. Vader, ek bely dat ek 'n altaar in die gees opgerig het waar Satan aanbid is (die stoel, tafel, vertrek, ruimte – alles moet skoongemaak word en die altaar vernietig word).

Ek bid dat u alle fisiese dinge wat in hierdie aanbidding gebruik is, sal reinig en dat U hierdie ongoddelike altaar sal vernietig in die Naam van Jesus.

Ek petisie U om die kontakpunt van my hand op die rekenaar se muis, my vingerpunte, my hand-oog-koördinasie, en die besoedeling van my oog-poort, te reinig. Vader, ons vra dat U alle hekwagters wat aangestel is oor hierdie oog-poorte sal ontslaan en dat u hierdie poorte sal reinig van alle ongeregtigheid (ook my hande). Vader, ek petisie U om alle dele van my gees en siel wat in die koninkryk van duisternis en die kerkers van die kuberruimte gevange gehou word, bymekaar te maak. Ek bid dat U alle bande sal afsny, alle hake sal losmaak en dat U alle voetspore en wagwoorde wat ek gebruik het, sal uitwis in die geestesrealm.

Ek vra dat U alle inligting in die lêers, rekords, rugsteun lêers, kompakskywe, ens op die verskillende webtuistes en in Satan se satellietstelsel in die hemele sal verwyder, sowel as alle getuienis van my betrokkenheid en teenwoordigheid in die kuberruimte. (*Die rekenaar waarmee toegang tot hierdie webruimtes verkry is, besoedel en die geheimepolisie registreer elke persoon wat op pornografie webtuistes ingaan. Daar is lêers wat nou teen die eienaar van die rekenaar geopen word. DIT IS SATAN SE EIE REKORDS OP SY EIE SATELLIETSTASIE IN DIE HEMELE!!)*

Vader, ek petisie U om my paspoort te verwyder van elke hekwagter wat aangestel is oor elke ingang na hierdie webtuistes asook van Satan se satellietstasie. Vader, ek petisie U om alle offers wat op hierdie altare geoffer is, los te maak: tyd, verhoudings, toewyding aan U, ens. Vader, ek bely alle aanbidding, nie net aan Asmodee (Isebel en Lilith) nie, maar ook die aanbidding wat Mammon ontvang het.

Verduideliking: (Hierdie geld gaan na die stoorkamers van Satan. Die Kragdemoon, Mammon, beheer die stoorkamers van Satan waarvandaan hy al die geskenke uitdeel wat as offers aan Satan gebring is. In ruil daarvoor beloon hy die gewer van hierdie offer met hoofsaaklik drie geskenke: seks, mag en geld).

Vader, ek petisie U om alle geld wat in hierdie koninkryk gesaai is deur middel van hierdie aanbidding te reinig en los te maak vir U koninkryk.

Verduideliking: (Wanneer ’n mens betrokke raak in die wêreld van verkragters, vroue-mishandelaars, kinder-verkragters, die pornografiese Mafia koninkryk, pornografie- dwelmbase word geld aan hierdie netwerke gegee om handel te dryf met mense se siele, vroue en kinders wat as seksslawe aangehou word om die begeerlikhede en perversiteite van mans te bevredig **(Openb 18:13:** *“...en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mense-siele.***)**

Ek vra dat U my hiervoor sal vergewe in Jesus se Naam. Vader, enige kode of geheime naam wat ek gekry het, verloën en verwerp ek nou en vra dat U dit van sal verwyder in die Naam van Jesus. Ek petisie U om my te bevry van alle seksuele magte, geskenke, seks-magie en magiese sjarme in Jesus se Naam. Hierdie demoniese magte was teen my gebruik d.m.v hierdie sonde om my tot slagoffer te mislei. Ek bid dat U my sal reinig en ek maak 'n hertoewyding van my seksualiteit aan U in Jesus se Naam.

El vra dat U my liggaam, siel en gees sal reinig met die Bloed van Jesus. Here, ek wil my liggaam as 'n lewende offer aan U wy, heilig en aanneemlik vir U. Ek roep U Naam aan, Yahweh Eliashib (*God repays or leads back – God vergeld of lei terug*) – Here, herstel my sielsarea in die Naam van Jesus.

Vader, ek petisie dat U my sal help om hierdie sonde te haat soos wat U dit haat. Ek weet dit staan in U Woord dat die begin van wysheid is die vrees van God en dat hierdie vrees van God is om sonde te haat. (**Spr 8:13 & 9:10**: *"8:13 - Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek"; 9:10 – "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.")* Vader, ek petisie U in die Naam van Jesus om alle ongoddelike sielsbande af te sny tussen myself en enige geestelike lewensmaats, enige persoonlikhede in prente, afdrukke, name of hoe ook al ek daarmee verbind is.

Vader, ek petisie U om alle ongoddelike huwelike nietig te verklaar en om alle ringe, kledingstukke, kontrakte, verbonde, name, titels, juweliersware en geskenke – fisiese sowel as geestelike – met U Heilige Vuur te vernietig in Jesus Naam.

Ek bely dat ek my huwelik besmet het (as persoon nog ongetroud is – toekomstige lewensmaat) en dat ek ontrou was aan my huweliksmaat. Ek bely ook dat ek die heiligheid wat U bedoel het met die huwelik as instelling, gebreek en besoedel het. Vader, ek vra dat U my huwelik sal reinig en herstel, asook ons huweliksbed in die Naam van Jesus. Vader, ek petisie dat U alle saad sal vernietig wat nog in die gees teen my of my huwelik getuig, en dat u enige geestelike kinders uit Satan se hande sal verwyder en hulle sal neem na waar U besluit, in Jesus Naam.

Vader, ek bid dat U by elke ingang van my liggaam wat geneig is om te reageer op sekere kodewoorde of snellers, 'n de-kodeerder sal plaas. Ek vra U om alle snellers soos stemtone, klankgolwe, advertensies, flieks, liedjies, prente, oë, plekke, name, woorde, parfuum, emosies of aanraking te deaktiveer in die Naam van Jesus.

Vader, ek petisie U om my verbeeldingswêreld te infiltreer en dit skoon te vee met U Besem van Vernietiging; stel asseblief U engele aan as hekwagters en ontslaan alle ander hekwagters. Vader, ek bely dat ek 'n verbond gesluit het met Asmodee (Isebel en Lilith) d.m.v. hierdie sonde. In die Naam van Jesus vra ek U om die vyf koorde van Isebel wat my vir so lank beheer het, af te sny. Ek bid dat u die poorte na Lilith toe sal toemaak en afseël en dat U my droomwêreld sal reinig. Ek bid dat U die mag van Asmodee oor my lewe sal verbreek en alle bande met hierdie Kragdemoon in my lewe sal ontkoppel en vernietig.

Vader, ek bely dat ek afgodery in my lewe toegelaat het – selfliefde, wellus, perversie, hoerery, egbreuk en fantasie. Ek bely ook dat ek die volgende geeste toegelaat het om my te beheer: 'n leuengees, 'n perverse gees en 'n gees van hoerery.

Ek bely ook dat ek die god Eros aanbid het en dat ek deelgeneem het aan tantriese seks (seks wat vir ure lank aanhou). Deur hierdie sonde te pleeg, het ek myself beskikbaar gestel vir die Kundalini gees om van my besit te neem. In die Naam van Jesus vra ek dat u elke chakra sal toemaak wat oopgemaak is. Vergewe my asseblief, en bevry my van hierdie bose gees.

Ek roep die naam van Yahweh ELiphelet aan – U wat my Bevryder is. Vader, ek bid dat U die juk van my skouers sal afhaal, en dat U die juk op my nek sal vernietig met die salwing van U gees, in die Naam van Jesus. (**Jes 10:27**: *"En in dié dag sal sy las afgly van jou skouer en sy juk van jou nek, en die juk sal tot niet raak vanweë die vettigheid.")*

Vader, versterk my wil en bring dit in ooreenstemming met U wil. Ek kies om myself aan U te onderwerp en die Bose teë te staan. I dank U, Here, dat U belowe dat elkeen wat homself verneder onder die magtige Hand van God op die regte tyd verhoog sal word (**1 Pet 5:6**: *"Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.")* Ek verklaar dat U Yahweh Eluzai is – U is my Sterkte!

Ek vra U om alle getuies wat in die gees teen my getuig, stil te maak deur hierdie sonde uit te wis deur die kosbare bloed van Jesus. In die Naam van Jesus, verklaar ek 'n verbond met my oë dat ek nie met wellus na enige meisie sal kyk nie volgens **Job 31:1**: *"Ek het 'n verbond gesluit met my oë: hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?"*

Vader, ek petisie U om my te beskerm teen die gevolge van hierdie demoniese profesieë, verbonde, ens. Vader, ek petisie U om my te beskerm teen enige straf of oordeel wat in werking sal tree as gevolg van hierdie petisie.

My hele petisie doen ek in die Almagtige Naam van Jesus Christus van Nasaret. Amen.

GETEKEN: _____ _____

DATUM: _____

AMEN!

Afseël na Bevryding (vir die berader) ...

Hemelse Vader,

Dankie vir die werk wat vandag hier gedoen is. Ons bid teen enige sweepslag, terugslag of oordeel van die vyand, in Y'shua (Jesus) Naam.

Ons vra U, Here, dat U enige ongoddelike gees en sielsbande sal sny wat gevorm is a.g.v. hierdie bevryding wat plaasgevind het; ook enige oordraging wat plaasgevind het tussen hul gees, siel en liggaam na my gees, siel en liggaam. Ons plant die Kruis van Jesus Christus tussen myself en die kliënt. Ons dank U dat geen oordraging sal kan plaasvind nie. Ons neem nou omvattende versekering uit vir ons gesinne, alle verhoudinge sowel as alle besittings.

Ons vra dat U hierdie eiendom en hierdie vertrek sal reinig en skoonmaak met die Bloed van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret en U Heilige Vuur, sodat geen demoon homself kan koppel aan enige voorwerp nie, en dat alle mensgeeste en gestorwe mensgeeste verwyder word deur U Geleide Engele na die Voetbank van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus). Ek vra dat alle besoedeling verwyder sal word en weggevee sal word met U Besem van verdelging in Y'shua (Jesus) Naam.

Vader, ons vra dat U enige waghond- en merker demone wat aangestel is deur die koninkryk van duisternis om die eiendom te merk in die gees vir ‘n teenaanval deur astrale projeksie, sal verwyder en plaas onder die Voete van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus).

Ons wil ook die Heerskappy van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret verklaar oor hierdie plek en dat alle openinge afgeseël sal word deur U Bloed. *(Openinge soos: Telefoon, faks, rekenaar, water, riolering, elektrisiteit.)*

AMEN!

Let wel: Onthou om voor die Here te gaan en jouself te stort met die Water van die Woord en in lofprysing en aanbidding te gaan en jouself weer te vul (sien lering oor Mikvah J2F4).